Mooi soos 'n beminde

"As ons bestem is om *ouerword* nie net te oorleef nie, maar om werklik God se geskenk van lewe in élke seisoen te vier, moet ons bereid wees om ons eie *bewonderaar* te word. Ons moet rolmodelle kies wat ons bemoedig en boodskappe wat ons afkraak, ignoreer. Dis tyd om die kritiese stemme in ons binneste te smoor: "Ek's te vet, my borste te klein, my hare te fyn…" Herinner jou aan jou *pluspunte* en jou positiewe impak op ander. Bou 'n gesonde selfbeeld deur God se *Woord* te glo oor wat egte, ewige *skoonheid* is. Die samelewing sê: 'Jy's nie meer jonk nie, daarom is jy nie meer begeerlik of interessant nie.' Waarom vir dié leuen val?"

Foto Samantha du Toit; Produksie Nina Brown en Lisa Brown

Geliefde

Beplan jy jou groot dag? Stylkonsultant **Nina Brown** en grimeerkunstenaar **Lisa Brown** skep vier unieke pragstyle om by uiteenlopende persoonlikhede te pas.

foto's SAMANTHA DU TOIT

vry onvoorspelbaar vrolik *byderwets* skerpsinnig

PRODUKSIE Nina Brown en Lisa Brown; HARE Licia van der Merwe; GRIMERING Lisa Brown, www.facebook.com/Lisabrownmake-up, 079 895 6187, ASSISTENT Nadia Calitz; ONTWERP Blank Canvas Event Design, www.blank-canvas.co.za; FOTO'S GENEEM BY Belair, www.belair.co.za

"Jy het my *hart* gesteel, my *beminde* bruid, jy het my hart gesteel met een kyk van jou *oë*, met een skakel in die ketting om jou hals" HOOGLIED 4:9

Voordat jy met die reëlings vir jou troudag begin, vra jou allereers af: Wie is ek?

Jou antwoord is deurslaggewend vir die sukses van jou groot dag!

Wanneer jy jou keuses maak volgens wie jy is, gaan jy tuis voel in jou eie vel en werklik kan straal. Ontdek dus wie God sê jý is en leer om dit prakties uit te leef.

Daar's 'n paar faktore wat saamwerk om jou unieke bloudruk te bepaal: jou persoonlikheid, liggaamstaal, fisieke eienskappe, gedagtes en emosies, talente en bekwaamhede.

Eers wanneer jy jouself ken en verstaan én jou uniekheid aanvaar, kan jy rustig met die beplanning van elke aspek van jou troudag voortgaan.

Dis belangrik dat jou menswees, styl en die kleure wat jou komplementeer, in harmonie met mekaar is.

En onthou, elkeen van ons is uniek. Moenie bang wees om jou hart te volg en kreatief te wees wanneer jy oor jou mooiste dag droom nie!

Hoopgewer

Dié bruid het 'n vonkel in die oog en helder enige vertrek op sodra sy instap. **Sy is** vry, onvoorspelbaar, vrolik, byderwets, skerpsinnig.

Hare & grimering

Vir dié voorkoms is die bruid se hare ligter gekleur en in 'n los vlegsel vasgevang. Die styl is speels en vriendelik. Haar grimering is sag en natuurlik, met 'n helder koraalkleur wat die lippe beklemtoon.

Staatmaker

Op haar kan jy altyd vertrou. Sy is sterk, ewewigtig en hou van struktuur. **Sy is** presies, afgerond, lief vir eenvoud, waagmoedig, elegant.

Hare & grimering

Dié bruid se hare is netjies in 'n stywe, byderwetse bolla bo-op die kop saamgevat. Haar grimering is treffend en klassiek, met sterk lyne wat die fokus op haar oë plaas.

"Wie is dit wat soos die daeraad verskyn, so pragtig soos die *maan*, so helder soos die *son*…"

Hooglied 6:10





presies afgerond lief vir eenvoud *waagmoedig*

Versoener

Dié vrou het die hart van 'n vredemaker; sy is lief daarvoor om mense om haar te versamel en in harmonie te laat saamleef. **Sy is** subtiel, sag, sensitief, rustig, in voeling met haar omgewing en mense.

Hare & grimering

Vir haar kies ons 'n romantiese, vloeiende styl. Haar grimering is meer geskakeer vir 'n sagte voorkoms. Oogomlyner en skakerings van bruin en pers komplementeer haar oë en haar lippe vertoon sag met lipglans.

subtiel *sag* sensitief rustig in voeling met haar omgewing en mense

"Staan op, my liefling, my mooiste, kom na my toe… My duif in die klipskeure, in die *skuilplek* teen die krans… Jou stem is *strelend*, jou gesig lieflik"

Hooglied 2:13–14

dinamies veelsydig energiek

Uitblinker

Dié bruid weet wie sy is en waarvan sy hou. Sy gee nie om om aandag te trek nie. **Sy is** dinamies, aktief, veelsydig, energiek, gemaklik met verandering.

Hare & grimering

Vir haar kies ons 'n aardse voorkoms. Haar hare is in verskillende skakerings gekleur om tekstuur te skep en uit haar gesig gestileer om haar oë tot hul reg te laat kom. Haar grimering is eenvoudig dog treffend. 'n Klassieke lipomlyner verleen definisie aan haar lippe.

Hoopgewer Rok Hendrik Vermeulen, www.hendrikvermeulen.com; Model Imke Agenbach, **Staatmaker** Rok Kobus Dippenaar, www.kobusdippenaar.com; Skoene Tinseltown; Model Antoinette Buckle; Blomme Fleur de Cordeur, www.fleurdecordeur.co.za; Koek Edible Art Cakes, edible-art-cakes.co.za, **Versoener** Rok Kobus Dippenaar, www.kobusdippenaar.com; Skoene Tinseltown; Model Mari Conradie; Blomme Fleur de Cordeur, www.fleurdecordeur.co.za, **Uitblinker** Rok Danielle Margaux, www.daniellemargaux.co.za; Model Leandri de Kock; Blomme Fleur de Cordeur, www.fleurdecordeur.co.za; Dekor Goeters, www.baiegoeters.co.za



"Jou lippe is soos skarlakenrooi lint, jou *mond* bekoor my. Die versiersels op jou *voorkop* is soos granaatpitte agter jou sluier"

Hooglied 4:3